

**Skriflesing:** Esegïel 13:1-16

**Teks:** Esegïel 13:4,10

**Sing:** Ps. 105:1,9; Ps. 77:1,6; Ps. 74:15,16; Ps. 96:1,8

Esegïel het in sy tyd te doen gehad met 'n kerk wat geskeur was. Broeder en suster, een deel was nog in Israel, hulle wat met die ballingskap agtergebly het, dit is hulle wat teenoor die ander wou verkondig ons is die ware kerk. Ons het nog die ou geboue, ons het nog die priesterdiens, kyk die eeue oue families van die Leviëte is nog hier. Daarom ons is nog die kerk, maar julle wat in die ballingskap weggevoer is, insluitende Esegïel, julle daar vêr in Babel julle is nie meer kerk nie. Julle is vêr van waar die kerk is, die kerk so het Israel geglo is waar ons met ons geboue en tradisies kan aantoon hier staan die tempel, hier is God se kerk.

Esegïel is vêr weg van al die geboue en al die mooi dinge wat hom in Israel kon herinner hier staan God se kerk. Esegïel vorm deel van die deel van Israel wat in die verre vreemde sit wat werklik sou worstel met die groot vraag ook in ons tyd, waar kry ons die ware kerk. Daar is dié in Israel, hier sit ons in 'n verre land, in vreemde hande, in omstandighede wat 'n mens baie swaar die vraag laat antwoord waar is die nou die eintlike kerk, want het Esegïel te doen met 'n kerk in twee verdeel, dié in Israel en hulle in Babel.

\*\*\*

Esegïel en Jeremia tree in dieselfde tyd op, Jeremia is deel van hulle wat nog in Jerusalem kon bly, Esegïel is deel van die reeds weggevoerdes. Hulle albei tegelyk sou op geen manier aan Israel se maatstawwe deel van die ware kerk kon wees nie, want hoe Israel ware kerk-wees gemeet het, was of Jeremia jy is deel van die ware kerk, want jy is nog waar die kerk in Israel is, maar dan is Esegïel dit nie. Of andere sou sê hierdie is die redes waarom ons Esegïel as deel van die kerk beskou, maar juis op hulle manier van meet dan word Jeremia weer uitgeskakel. Vandag sal ons moet besef hoe ons meet en dit wat God van ons weet sal 'n slag behoorlik nader na mekaar gebring moet word.

\*\*\*

Ons begin deur te besef beide Jeremia en Esegïel is albei ware profete van die Here gewees. Hoe mense daar meet is nie hoe daar gemeet mag word nie. Die meet proses wat God ons wys gaan spesifiek vandag daarop fokus dit wat valse profete gedurigdeur mee besig is in hoe sulke valse profete die ware profesie en sodoende die ware kerk ondermyn. Ons sien dit ook vanuit die twee geslagte raak. In die tweede erediens sal ons dan spesifiek na die vroulike geslag kyk. Ons hoef mekaar nie te herinner hoe daar

in die Gereformeerde kerke werklik uiteenlopende standpunte is oor die rol wat mans in die kerk ontvang teenoor die rol van vroue nie. Geslagtelikheid in die dienste is al jare in die geding.

As daar gevra word na waar is die ware kerk moet dit eintlik 'n vraag wees na waar is die ware profesie. Dit alles direk teenoor die valse profete wat ons in Esegïël 13 op baie harde maniere mee te doen kry. Esegïël wys op hoe die valse profete soos jakkalse is. Hulle is gedurig besig om alles wat God as Sy ware profete in Sy ware profesie laat uitgaan te ondermyn, maar hulle is nie net met ondermyning besig nie, hulle is ook met misleiding besig. Die misleidende werk van die valse profete sien ons ook dat daar waar die volk 'n muur bou daar bepleister die valse profete dit met los kalk.

\*\*\*

Esegïël wat baie mense as deel van die valse kerk sou wou beskou, vêr weg van Israel se vaste adres, hulle mooi geboue en sterke uitsprake kry nou met die ware profeet van die Here te doen. Dit wat julle dink die ware kerk is, julle profete is besig met ondermyning en misleiding. Mans en vrouens is ewe skuldig!

Een van die kenmerke juis van die valse profete, hulle word juis spesifiek genoem profete van Israel en nie profete van God nie. Sulke valse profete is baie lief vir die woord VREDE - vrede-praatjies wat ons nie met die ware vrede wat daar by God is, moet verwar nie. Valse profete wat baie woorde kan gebruik, dit kan op mens neerstort soos reën op 'n sinkdak, maar dit is mense wat jou so in hulle baie woorde kan laat wegspoel dat hulle jakkalsstreek nie dadelik die oog vang nie. In die Nuwe Testament dan praat die Here Jesus ook daarvan dat mense jakkalse kan wees. So verwys Jesus byvoorbeeld na Herodes as 'n jakkals (Luk 13:32)- *Gaan vertel daardie jakkals: Kyk, Ek dryf duiwels uit en maak gesond, vandag en môre, en op die derde dag is Ek klaar.*

Tog moet ons die vergelyking wat Jesus maak en wat Esegïël hier bedoel nie op dieselfde manier na kyk nie. Die Here Jesus het na die listigheid van die jakkals verwys waar mense ook baie listig en skelm kan wees. So weet ons kan 'n jakkals ook maar eintlik baie lafhartig en bang wees. Valse profete is gewoonlik ook maar bang mense, wat soos jakkalse in hulle gate begin inkruip as die werklike gevaar aankom. Die Here Jesus het ook na sulke profete verwys wat die kudde van God vanweë hulle bangheid in

die steek kan laat en wegvlug want hulle gee nie werklik vir die kudde om nie (Joh. 10:12).

\*\*\*

Esegiël wil deur sy vergelyking met jakkalse nog die listigheid, nog die lafhartigheid van ook jakkalse aantoon, maar Esegiël het dit waar die valse profete juis soos *jakkalse in puinhoop* is. 'n Jakkals hou van iets wat reeds vrot en stink, reeds is daar 'n puinhoop, baie gate is reeds gegrawe, dinge het reeds inmekaar geval, dan hou die jakkalse daarvan om daar rond te snuffel en te aas. Israel het in die Here se oë soos 'n puinhoop geword, so baie dinge het inmekaar gestort en is verwoes. Nou kom die valse profete uit hulle gate gekruip, nadat alles reeds 'n puinhoop is en die bietjie bouwerk wat daar nog oor was word nou ook ondergrawe.

Hulle maak die verwoesting net nog erger, terwyl die ware profeet nie toe die ballingskap aanbreek in sy skuiling sou inkruip omdat hulle bang was dalk kom ons ook in die moeilikheid nie. Valse profete is in sulke gevaar tye weg, jy sien en hoor hulle nie, maar die oomblik wanneer die spoor van verwoesting klaar wyd gesaai is dan het hulle hul monde wyd te rek. *Jou profete, o Israel, is soos jakkalse in puinhoop...* het ons dit nie al dikwels dit moes raaksien nie, broeder en suster? Juis wanneer 'n volk op sy laagtepunte is, tye van geestelike afval lê diep, tye wanneer beproefde waarhede prysgegee word, mense se geestelike lewe lê op 'n lae peil, tye wanneer God se Woord werklik swak geken word, of ek lê inmekaar getrek van pyn in 'n hospitaalbed, my lewe voel dalk op baie maniere ellendig en soos 'n puinhoop, juis dan sak hierdie lekepredikers op 'n mens toe en wat is hulle anders soos jakkalse in puinhoop.

Juis in die tyd van die Anglo Boereoorlog, ons voorouers was na verskillende kampe as krygsgevangenes weggevoer, St Helena, Portugal, Bermuda, Shahjehampur in Indië, om maar enkeles te noem, een van die vorige predikante van hierdie gemeente, ds. Petrus Postma was na Ceylon in Sri Lanka weggevoer en orals was dit die geval hierdie mense as krygsgevangenes weggevoer, hulle lewens lê op baie maniere aan skerwe, toe sak die mense met 'n metodistiese en Arminiaanse geloof basis op hulle toe! Soos jakkalse in puinhoop word daar te werk gegaan en het ds. Postma en vele andere kon aantoon hoe baie van ons voorouers het toe van die Calvinistiese na die metodistiese godsdiens beweeg. Totius se proefskrif rondom hierdie tyd het nie verniet gehandel oor die gevaar van die metodisme nie, want in die oorlog en alles wat daaruit voortgevloei het, was dit

'n teelaarde vir die metodisme. Soos jakkalse in puinhope word daar rond geaas en is dit nie toevallig van die Apostoliese Geloofsending in Suid-Afrika dat dit juis op die puinhope, die ruïnes van die Anglo-Boereoorlog, mooi ses jaar ná die vrede van Vereeniging toe is hulle gestig!?! Jakkalse wat in puinhope ronddwaal behaal oënskynlik baie “sukkses”, maar is God werklik te vinde vir die “sukkses” wat vanuit 'n valse profete perspektief kom?!

\*\*\*

Nee, broeder en suster, dit is sukses wat eintlik aan ondermyning grens. Ondermyn die ware profesie om dan die valse 'n staanplek te gee. Esegïël het dit beleef hoe manne na die smaak van Israel hulle opgehemel het, vrede, vrede, die tempel is dit, die tempel is dit en die getalle mense stroom na hulle toe, hulle staan op stoele om die hande nog hoër te lig, terwyl die ware profeet maar alleen is, eensaam preek hulle vir leë banke en stoele.... sulke ware profete word nie bewonder en vereer nie. Dit mag ook nie gebeur nie, God moet altyd en alleen die eer kry! Die alleenpad wat Paulus vir Timotheus van geskryf het, sal nie verander nie. Die alleenpad van 'n ware gereformeerde om te bly wat jy geword het, dit sal nie 'n gewilde pad met groot getalle ooit wees nie.

Laat ons hierdie jakkalse wat in tye van puinhope ons agtervolg uitken, broeder en suster, deur werklik die Woord van God te ken, deur ons belydenisskrifte met onderskeiding in jou daaglikse lewe toe te pas, want dan sal die jakkalse nie by jou inkom nie. Hierdie jakkalse wat met hulle eie insigte werk wat soos Esegïël in v 2 skrywe- hulle wat *profeteer en sê aan die wat profete uit hulle eie hart is: Hoor die woord van die Here...* Hoe verskriklik om te maak asof jou woord en jou hart die hart en Woord van die Here is, maar dit is dit nie!

'n Ware profeet praat nie uit eie hart nie (weer v.2), want ons harte is vuil, besoedel en met sonde oorlaai. 'n Ware dienskneg, die ware profeet, praat uit die Woord, nie uit wat sy hart kom nie. Baie keer moet hy teen sy hart spreek, solank hy net die Woord van God spreek. Ware profete moet wel *met* hulle hart kan spreek, maar nie *uit* hulle eie harte nie. Die ware profeet se hart kan beslis nie vanuit die Woord onaangeraak bly nie, daar gebeur ook dinge met sy hart, maar nooit as te nimmer mag die ware verkondiging maar dit wees wat uit ons harte kom nie. Ons mag net staan by wat uit die Woord van God kom! Die metodisme en die ander gevoel godsdienste stel juis woorde uit hulle

hart voorop en dan word dit baie keer gemaak asof die Gees en die Woord dit gesprek het.

\*\*\*

Broeder en suster, hoe fyn is die lyn en hoe dun is die grens wat ons moet kan trek, maar die verskil is radikaal, die verskil tussen ware profeet en valse profesie is wat aan die orde is. Daardie verskil van om die muur te ondergrawe terwyl ek eintlik aan die muur moes gebou het.

Hierdie jakkalse in die puinhope, hulle sal baie van die Bybel wil gebruik maak. Dit het Esegïël ook kon aantoon, hoe hulle met Bybelse terme kon werk, maar tog gee hulle aan 'n baie gelade Bybelse woord, soos byvoorbeeld die woord VREDE 'n totaal ander inhoud al is dit die vrede wat alleen God ons skenk. Hulle uit hulle eie insigte en hart wil vrede bring waar God nie is nie en dan maak hulle asof dit die waarheid is. Asof vrede sonder God waarlik vrede kan wees. Sulke jakkalse in die puinhope skik hulleself nie na wat die skema van die Woord is nie maar wil aan die Woord van God hulle eie skema opdring! Of anders gestel- die valse profete se gedagtes word nie deur die Bybel gevange geneem nie, maar hulle wil eintlik die Bybel in hulle gedagtes gevange probeer hou.

Om na eie insigte te spreek en jouself nog 'n ware profeet te noem is net so onmoontlik as om van 'n vierkantige sirkel te praat. Dit kan nie! Wie sy eie insigte as waarheid promoveer is nie waarlik profeet nie. 'n Valse profeet is eintlik maar iemand wat baie daarop uit is om sy eie beuel te blaas. Die ware profeet blaas nie sy eie beuel, maar blaas die basuin van God se Woord.

So het die ware volkome Profeet, die grootste Profeet wat daar nog kon wees dit altyd gedoen, Hy ons Here Jesus Christus. Christus wat nooit die waarheid van God ondergrawe het nie, maar dit opgebou het. Die muur van God, die koninkryk van God is deur Christus van alle kante belig en sterk gemaak. Christus wil dat ons God se mure, die koninkryk van God nie moet ondergrawe nie. Dit wat so maklik deur ons gedoen word. Ons kan soos jakkalse in puinhope so maklik met ons eie insigte werk, so maklik ondergrawe ons die regte dinge ook in die kerk, om eintlik die kerk later in alles te ondergrawe, so maklik praat ons uit ons harte en nie uit die Woord van God nie en gee ons voor asof ons uit die Woord praat.

Want het Esegiël nie net gewys op hoe ondermyning maklik plaasvind nie, maar Esegiël het op die gevaar van misleiding net so duidelik gewys. Die volk bou 'n muur, vir muur het ons hier die unieke Hebreuse woord- חַיִּיטַי chayits {khah'-yits}, die enigste waar dit in die Bybel voorkom, dit is 'n muur deur los klippe opmekaar gestapel, soos ons dikwels die boere op die plase gesien het as hulle klipkrale bou, daar is nie sement tussen die klippe nie, die klippe lê bloot styf teen en op mekaar. Nou wys die Here vir ons eintlik twee dinge. Hoe ons ook in ons geloofsluwe baie keer bouwerk voorgee, maar ons is besig om met los klippe te bou. Daar word nie werklik met die sement van die verbond op die fondament van die Woord van God gebou nie. Nee, ons plaas maar sommer los klippe bo-op mekaar en verwag dat ons geloofsmure sonder hierdie sement moet bly staan. Uiterlik lyk dit soos 'n muur maar die bindingskrag, die krag van die verbond hou nie werklik die klippe en stene bymekaar nie. En nou kom die valse profete en op die swak bouwerk van die volk doen hulle 'n baie misleidende ding.

Die volk en die profete se brouwerk word boonop met los kalk toegesmeer. Dit wat die volk verkeerd doen, in Esegiël weet ons het hulle hul heil in die politiek gesoek... hulle het gedink reorganisasie in die politiek is beter as reformasie in die kerk...hulle het geglo in welvaartspolitiek vir stad en land deur bv. politieke bondgenootskap met Egipte aan te gaan, dit is belangriker om op Egipte te vertrou as om op die Here te vertrou. Hulle glo met Egipte aan ons kant het ons 'n beter kans om uit die ballingskap te kom as om met die Here daaruit te kom. Die los kalk van die valse profete wil die volk se slegte gedagtes, hulle opgestapelde los klippe laat mooi lyk. Die valse profete smear los kalk wanneer hulle die volk mislei deur voor te gee dat geen onheil hulle stad of land sal tref nie, daar sal vrede wees, want die Here sal nie toelaat dat sy tempel ondergaan nie. Watter gruwelike pleisterwerk met los kalk is hierdie nie!

'n Potensiële bouval word toegesmeer. Broeder en suster, toesmeerdery mag daar in die kerk nie wees nie. Dit is dwaas om dit te doen al is daar mense wat dink dit verg besondere insig om met los stene en los kalk te werk. Die Here het net een sin en dit is- *Weg is die muur en weg is hulle wat dit gepleister het, naamlik die profete van Israel wat profeteer aangaande Jerusalem en vir hom gesigte van vrede sien, terwyl daar geen vrede is nie, spreek die Here, HERE...*

Laat ons oë tog oop wees vir die jakkalse in die puinhope en vir die profete wat los kalk aan los klippe smeer. Niemand gaan daarby baat nie, maar laat ons herders vir die kudde van God wees nie jakkalse nie en laat ons met die sement van die verbond bou op die fondament Jesus Christus wat reeds gelê is, ook as ons met die volgende diens nie net die Here teen die valse profete hoor praat nie, maar wat van die valse profetessee.

AMEN